
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

STEM SAAM MET GOD

Die Bybel onderrig duidelik dat God Een is, ons lees in Deut. 6:4: Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. Dit leer ook dat die Godheid Drie-enig is, Vader, Seun en Heilige Gees. Jesus het Sy dissipels geleer in Matt. 28:19: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Die mens is na die beeld en gelykenis van God geskape en ons bestaan uit liggaam, siel en gees (drie-eenheid). En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis (Gen.1:26). En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus (1 Thess.5:23).

Net soos ons fisiese liggaam daagliks voeding nodig het anders raak dit swak, net so het ons innerlike mens – ons gees, voeding nodig en dit voed op die Woord van God! Jesus het gesê in **Joh. 6:63, "...die Woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe ".** Toe Jesus deur Satan in die woestyn versoek is, staan in die Bybel: **Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan (Matt. 4:4).**

God se Ewige Woord is vir altyd vasgestel, dit sal nooit verby gaan nie! **Vir ewig, O HERE, staan u woord vas in die hemele (Ps. 119:89).** God se Woord is volkome WAARHEID en is REIN. **Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal. U, O HERE, sal hulle bewaar; U sal ons bewaar van hierdie geslag vir ewig (Ps. 12:7-8).**

God se Woord voed ons gees, en bou sodoende ons geloof op. **Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God (Rom. 10:17).**

Spr. 4:20-22 sê aan ons dat God se Woord genees! Dit is werklik medisyne vir jou liggaam! **My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing** (medisyne) **vir hulle hele liggaam.**

Deur op God se Woord te mediteer word ons siel verfris en dit is belangrik om dit daagliks te doen. Dit is belonend om tyd met die Here te spandeer in gebed en die Bybel te lees. Leer en wag op Hom, omdat dit noodsaaklik is as jy begeer om in jou geestelike lewe te groei. 'n Goeie stilte tyd om met die Here deur te bring is aan die begin van elke dag, as dit moontlik is. Jy moet dalk vroeër wakker word om tyd met jou Hemelse Vader deur te bring, maar dit is die moeite werd! Maak egter elke dag 'n spesiale tyd wanneer jy alleen met Hom kan wees en met Hom kan verkeer.

Netso belangrik as meditering op God se Woord, is die hardop belydenis (verklaring) daarvan. Dit is een van die mees vervullende en verykende ondervindings. Die Griekse woord waarvan die woord "bely" afkomstig is, beteken "om dieselfde ding te sê" , met ander woorde wanneer ons God se

Woord verklaar "sê ons wat God sê ". Ons stem met God saam. Ons moet weet wat God oor ons sondes, ons siektes, ons mislukkings, ons swakhede en ons besittings sê, sodat ons met God kan saamstem.

Sommige mense sê dat hulle net in hul gedagtes bid, maar dit is belangrik dat ons hardop moet bid. Dit is in die Bybel opgeteken dat Jesus en Sy dissipels hoorbaar gebid het. Weereens is dit die GESPROKE woord wat krag het, ons moet ons tong gebruik om ons versoeke en ons dank aan God oor te dra. Ons moet ons gebede met ons stem oordra – wees vokaal. Dit is waarom aan ons die vermoë om te praat gegee is. Jesus het met Sy Vader gepraat en Hy het Sy dissipels geleer om op dieselfde manier te bid **(Matt.6:9)**. Nadat dit gesê is, moet ons egter weet dat gebed 'n intieme gesprek tussen jou en jou Hemelse Vader in die Naam van Jesus is en sal jy deur die Heilige Gees gelei word. Soms sal jy net 'n gebed vir Hom kan fluister en ander kere sal jy gelei word om jou behoeftes bekend te maak, gevolg deur 'n vrymoedige verklaring van een van Sy beloftes wat die antwoord bevestig.

God weet wat in ons harte is, Hy weet ook waaraan ons behoefte het lank voordat ons vra, die Woord sê egter dat ons hoorbaar moet bid en ons versoeke, ons smekinge en ons dank aan die Here moet uitspreek.

Die Woord van God verseker jou dat as jy Jesus as jou Verlosser ontvang het, jy 'n kind van God is. **Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo (Joh.1:12).** Toe Jesus vir ons sondes gesterf het, begrawe is en weer opgestaan het uit die dode het Hy versoening tussen God en die mens gebring. Deur Sy dood aan die kruis is ons verlos, geregverdig, geheilig en vrygemaak van die magte van die duisternis. **En die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig — Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes (Kol.1:12-14).**

Vandag, in Christus, is jy 'n lid van die groot, koninklike familie van God, 'n erfgenaam van die Hemelse Koninkryk en 'n oorwinnaar! Die kennis, tesame met 'n vrymoedige belydenis van Bybelse waarhede, sal jou sekerlik in staat stel om 'n sterk geloof te verkry in die krag van God wat in jou woon deur Sy Gees: **Rom. 8:11: En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.**

God is die Altyd Teenwoordige – die Groot EK IS! God is wie Hy sê Hy is, daarom, is ek wie Hy sê ek is. Hy sal doen wat Hy sê Hy sal doen, as ek doen wat Hy sê ek moet doen!

Ons geselskap moet deurspek wees met die beloftes van God. Ons moet mekaar se geloof opbou wanneer ons praat, en glad nie deelneem aan enige korrupte of ongoddelike geselskap nie. Verklaar altyd die Woord van God in alle omstandighede en in al die omstandighede in, omdat dit toepaslik is vir elke omstandigheid in die lewe, elke gesprek, elke bespreking. Dit is die finale gesag, ongeag enigiemand se siening of mening oor 'n onderwerp, omdat dit die enigste absolute waarheid is! Dit beteken nie dat ons "totaal godsdienstig" en vreugdeloos moet word nie! In werklikheid is die teenoorgestelde waar. Ons lees in **Spr. 17:22: 'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog.** Die Here wil hê dat ons vrolik moet wees! Sy Woord sê in **1Thess. 5:16-18: Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.** En weer in **Fil. 4:4: Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!**

Dan met hierdie nuut gevonde blydskap in jou hart en Sy Woord op jou lippe, sal jou vriende en familie verstom wees wanneer jy, wat altyd aanhoudend gekerm en gekla het, skielik positief begin praat, God se beloftes verklaar, vol blydskap is en aan Hom die dank gee. Wanneer jy ophou om te kla en hulle sien hoe God in jou lewe voorsien omdat jy Hom vertrou, sal hulle hul eie harte en lewens begin ondersoek en by jou raad vra.

Die Here belowe dat as jy wysheid nodig het aangaande enige probleem wat jy mag hê, of onverwagte situasie wat mag voorkom, Hy die nodige wysheid en kennis vir jou sal meedeel. Jy moet net vir jou Hemelse Vader vra om jou te help om die regte ding, op die regte tyd, op die regte wyse te sê, en Hy sal Sy woorde in jou mond plaas en Sy guns by die

mens gee, Hy sal die regte deure vir jou oopmaak en jou pad rig. Bid net: "Here, U sê in **Jakobus 1:5 dat as enig iemand wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt en dit sal aan hom gegee word!** Here, ek kom na U in die magtige Naam van Jesus en omdat ek wysheid kortkom aangaande die situasie glo ek dat volgens U Woord, U aan my U wysheid en U volmaakte wil vir die probleem wat ek in die gesig staar, sal meedeel. Here ek dank U nou vir U antwoord en vir U leiding. Ek verheerlik U Naam en prys U en glo dat van hierdie oomblik af U my presies sal wys wat ek in die situasie moet doen." Staan nou vas op daardie belofte wat God jou gegee het. Jesus Christus het die wysheid van God geword, daarom, omdat Jesus ons Here is besit ons daardie wysheid vir elke situasie wat ons in die gesig staar.

Jy mag voel dat jy nie die geloof het om in jou Christelike wandel te volhard nie, jy mag ontnugter en ontmoedig wees, glo dat jou lewensomstandighede nooit sal verander nie. Jy moet God se taal praat en sê: **"Volgens Rom. 12:3, het God aan elke kind van Hom die maat van geloof gegee en daarom het ek geloof. En selfs al is dit die grote van 'n mosterdsaad sal ek berge versit. Daar is dus geen probleme in my lewe wat ek nie kan oorkom met die hulp en krag van die Here nie, omdat ek in die Naam van Jesus oorwinning het."**

Wanneer God se Woord deur jou lippe verklaar word, vul dit jou hart met waarheid en geloof en jou hele uitkyk op die lewe verander. Jy begin om die oorwinnende, oorvloedige lewe wat Jesus gesê dat Hy gekom het om vir jou te gee, te leef en nie 'n verslaande een nie. **Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê (Joh. 10:10).**

Wanneer jy God se Woord spreek (dit is, sê wat God sê), met geloof in jou hart (selfs as dit die grote van 'n mosterdsaad is), kom God se krag in werking en jou lewe begin in lyn kom met Sy wil vir jou. Jou geloof moet in God en Sy getrouheid om Sy Woord uit te voer wees.

Joh. 15:7 verduidelik die geestelike waarheid: **"As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."** My woorde in jou – God se woorde in ons. Ons moet ons versoeke aan God bekend maak met danksegging wanneer ons bid, **Fil. 4:6-7: Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.** Wanneer ons ons versoeke met danksegging aan God bekend gemaak het, moet ons dan die antwoord verklaar soos dit in God se Woord gegee is. As jy aan slapeloosheid ly, vra die Here om jou daarvan te verlos in Jesus se Naam. Sy Woord belowe ons dat Hy ons sal verlos wanneer ons Hom aanroep. Hy is jou Vader wat jou liefhet en slaap is 'n gawe van God, Hy sê in Sy Woord dat "Hy Sy geliefde slaap gee ". Verklaar Sy belofte, jou erfenis in Jesus Christus! Sê dit hardop: **"Vader U Woord sê dat ek in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak; want U Here laat my in veiligheid woon (Ps. 4:9). Ek is U geliefde en U gee my slaap (Ps. 127:2).** Dankie Here dat in die Naam van Jesus ek nou in vrede sal slaap."

Die duiwel kan jou dalk aanval in die area van veroordeling, jou skuldig laat voel oor sondes uit jou verlede en jy voel dus nie die vrymoedigheid om God in gebed te nader nie. Jy voel dalk dat jou sondes te groot is om te vergewe en hulle teister jou gedagtes, maar dit is 'n leuen van Satan! Hy gebruik veroordeling om te keer dat jy naby aan die Here kom. Die Bybel sê dat die duiwel die aanklaer van die broeders is en hy kla hulle dag en nag aan!**(Openb. 12:10)** Jy moet hom met die Woord van God en die Naam van Jesus teenstaan, want as jy God om vergifnis gevra het, uit 'n berouvolle hart en jy jou sonde bely het, is jy vergewe! Sê hardop: **"God se Woord sê, as ek my sondes bely, God is getrou en regverdig om my sondes te vergewe en my van alle ongeregtigheid te reinig; ek het my sondes bely, daarom het God my vergewe en gereinig (1 Joh. 1:9). My sondes is so ver as die ooste van die weste af verwyder (Ps. 103:12) en nou vergeet ek daardie dinge wat agter is en strek my uit na dit wat voor my is en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus" (Fil. 3:13-14).**

Wanneer jy 'n sekere sonde bely het volgens die Bybel, hoor God jou belydenis op daardie oomblik en vergewe Hy jou op daardie selfde oomblik.

Bevryding en verlossing word deur geloof verkry en deur God se Woord te glo en dit te bely, op dieselfde manier word vergifnis verkry ook deur geloof in God se belofte om te vergeef as ons bely en ons sonde laat staan. As Christene, **wandel ons deur geloof en nie deur aanskouing nie** volgens **2 Kor. 5:7**.

Ek is oortuig van die krag van die verklaring van die Woord van God. Waarom? Omdat die Here oor Sy Woord waghou om dit uit te voer. God sê: **"So sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur" (Jes. 55:11).** Ek is oortuig van die vrymoedige bevestiging van God se Woord, want **vir ewig, O Here, staan U Woord vas in die hemele (Ps. 119:89). ...die Woord van die Here bly tot in ewigheid (1Pet.1:25).** Die Woord van die Here sal vir ewig staan!

In die Ou Testament sal Dawid sekerlik beskou word as een van die geestelike reuse. Nie net nadat hy koning van Israel geword het nie, maar selfs toe hy nog 'n seun was het hy soos 'n oorwinnaar gepraat. Lees **1 Samuel 17**. Let op hoe koning Saul en Dawid se broer Eliab, Dawid gespot en ontmoedig het om te probeer om hom oor te haal om sy geveg teen Goliat te laat vaar. Maar omdat Dawid sy God geken het en Sy Woord vertrou het, was hy onverskrokke en het die geveg ingegaan deur woorde van geloof te spreek, en hy het die reus oorwin! Sy geloof was 'n getuienis vir die Israeliete wat tevore hopeloos en hulpeloos gevoel het. Hy het sy nasie geïnspireer om vreugdevolle lofliedere te sing. Dawid het bereik wat hy geglo het en het dit verklaar! Hy het nie met die tong van 'n weifelende, twyfelende, vreesbevange, gelooflose jong seun gepraat nie, maar die woorde van 'n vreeslose held, en dit is wat hy geword het!

Dawid het Goliat die reus dood gemaak as gevolg van sy geloof in die Magtige God van Israel en omdat hy "reuse taal" kon spreek! Die Woord van God gee moed en maak ons so onverskrokke soos leeus, omdat ons slegs kan groei en geestelik onverskrokke kan raak deur ons gees te voed met die Woord (Brood van die Lewe) (**Rom. 10:17**). Dus, waarom nie vandag begin en watter beter manier om die Skrif te memoriseer as deur die goeie ou ABC metode nie? Hier is die woordeskat van 'n onverskrokke gelowige, van A tot Z.

VERPERSOONLIK GOD SE WOORD

Dit is baie belangrik dat nadat jy die Skrif gememoriseer het, dit persoonlik te maak. As 'n Kind van God is elke belofte in die Bybel vir JOU persoonlik. Staan vas op die rots van God se Woord en ontvang Sy beloftes deur geloof, verklaar hulle dan met oortuiging in jou hart. Hier is 'n paar voorbeelde wat illustreer wat ek bedoel. Jy kan God se belofte as volg verklaar: **"Ek is 'n oorwinnaar "**- volgens **Rom. 8:37** ten spyte van wat ander van my dink, ten spyte van wat ek in die verlede ondervind het, ek is 'n oorwinnaar! Waar ek ook al is, maak nie saak hoe ek voel of lyk nie, ek is 'n oorwinnaar! My waarborg hiervan lê in wat God van my sê: Hy sê: "Ek is meer as 'n oorwinnaar"..... en ek glo SY woord! **Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het (Rom. 8:37). "Ek is sterk"** want God sê in **Joel 3:10: Laat die swakke sê: Ek is sterk.**

Ten spyte van wat ander van my dink, ten spyte van wat ek in die verlede ondervind het is ek sterk: fisies en geestelik! Wanneer ek swak voel, wag ek op die Here en ontvang ek nuwe krag **(Jes. 40:31)** en kan ek alle dinge doen deur Christus wat my die krag gee **(Fil. 4:13)**.

"Dankie Here vir U vergifnis, ek verklaar dat Jesus my gered het uit die gebied (mag) van duisternis en ek oorgeplaas is in die Koninkryk van Sy Geliefde Seun volgens **Kol. 1:13-14,** en dat Hy my die mag gegee het oor al die mag van Satan sodat " niks my sal skade doen nie" **(Luk. 10:19).** Ek is vergewe en bevry van my sondes **(Kol.1:14)**.

Daar is 'n belofte – en daarom 'n verklaring vir elke omstandigheid in jou lewe. Die feit behoort jou te motiveer en aan te moedig om die Bybel te lees en die Skrifte te deursoek. Onthou, elke persoon wat die leer na sukses geklim het, het dit deur **volharding** bereik. Dieselfde geld ook om die trappe van die geestelike leer te klim. Volharding is noodsaaklik wanneer die Skrifte in die Bybel bestudeer en geleer word en natuurlik om tyd in gebed deur te bring. Gebed en verklaring gaan hand aan hand.

JY HET DIE KRAG VAN KEUSE, JY IS NOU SO NABY DIE HERE, SOOS WAT JY KIES OM TE WEES. **Nader tot God, en Hy sal tot julle nader (Jak. 4: 8a).**

Neem 'n besluit om die "Swaard van die Gees" te gebruik, God se Woord en wees dan ywerig daaroor.

.

The Power of Your Tongue

For we all stumble in many things. If anyone does not stumble in word, he is a perfect man, able also to bridle the whole body. Indeed we put bits in horses' mouths, that they may obey us, and we turn their whole body. Look also at ships: although they are so large and are driven by fierce winds, they are turned by a very small rudder wherever the pilot desires. Even so the tongue is a little member and boasts great things. See how great a forest a little fire kindles! And the tongue is a fire, a world of iniquity.

The tongue is so set among our members that it defiles our whole body, and sets on fire the course of nature; and it is set on fire by hell. For every kind of beast and bird, of reptile and creature of the sea, is tamed and has been tamed by mankind. But no man can tame the tongue. It is an unruly evil, full of deadly poison. With it we bless our God and Father, and with it we curse men, who have been made in the similitude of God. Out of the same mouth proceed blessing and cursing. My brethren, these things ought not to be so. Does a spring send forth fresh water and bitter from the same opening? Can a fig tree, my brethren, bear olives, or a grapevine bear figs? Thus no spring yields both salt and fresh. James 3:2-12

James says we must guard our tongue, because our words have power. You can use your tongue to bless, to exhort, encourage, bring reconciliation, peace and love, uplift and bring life, and yet the same tongue can destroy, wound, bring division and pronounce curses.

Physical wounds heal much faster than those wounds inflicted by the tongue! And the tongue can do incurable damage to a person's reputation. No wonder then that Jesus said to His disciples in Matt. 5:22 that whoever calls his brother a fool, is in danger of hell fire. The Lord warns His people about "gossiping" in Leviticus, saying: **Thou shalt not go up and down as a talebearer among thy people: neither shalt thou stand against the blood of thy neighbour: I am the LORD. (Lev.19:16)** The NIV translation says: **Do not go about spreading slander among your people. Do not do anything that endangers your neighbour's life. I am the Lord.** Not only should we refrain from speaking ill of one another or spreading evil lies, but we should resist the temptation to gossip at all. **... speak evil of no man.(Titus 3:2) For he that will love life, and see good days, let him refrain his tongue from evil, and his lips that they speak no deceit (1 Pet. 3:10).**

The mouth was created as a vessel for blessing God and man who is created in His image. It should never be used for cursing and negative speaking. There is power in your speech.

Let your speech be always with grace, seasoned with salt, that ye may know how ye ought to answer every man (Col. 4:6). It is of the utmost importance that I choose my words carefully, because "A man has joy by the answer of his mouth: and a word spoken in due season, how good is it!" (Prov 15:23)Let no corrupt communication proceed out of your mouth, but that which is good to the use of edifying, that it may minister grace unto the hearers. Guard against anything that is corrupt, fault–finding or judgemental from going forth from out of your mouth, but only speak that which is good, so that others may be edified and built up by your word!

Whoso keeps his mouth and his tongue, keeps his soul from troubles (Proverbs 21:23). Reckless speech brings problems.

In the multitude of words there wanteth not sin: but he that refraineth his lips is wise. (Prov. 10:19) He that has knowledge spares his words; and he who has a cool spirit is a man of understanding. (Prov. 17:27) It is wise not to talk too much!

If I wish to be blessed, I may "accuse" no one.

If any man among you seem to be religious, and controls not his tongue, but

deceives his own heart, this man's religion is in vain. (James. 1:26)

This is my daily prayer, **"Set a watch, O Lord, before my mouth; keep the door of my lips. (Ps. 141:3).**

Jesus told His disciples that it is not that which goes into a man's stomach that makes him unclean, but that which comes out of his heart, which is indicated by his speech ...by the words of his mouth. "Are you so dull?" He asked."Don't you see that nothing that enters a man from the outside can make him 'unclean'? For it doesn't go into his heart but into his stomach, and then out of his body."... He went on:"What comes out of a man makes him 'unclean'. For from within, out of men's hearts come evil thoughts, adulteries, fornications, murders, Thefts, covetousness, wickedness, deceit, lasciviousness, an evil eye, blasphemy, pride, foolishness: All these evil things come from inside and make a man 'unclean', and make a man unclean. (Mark 7:18-23)

....for out of the abundance of the heart the mouth speaketh. (Matt. 12:34)

Our words reflect what is in our hearts. This is why, in speaking the Word of God we are cleansed by the washing of His Word, because His Word is living and powerful.(Eph.5:26 and Heb.4:12)

When Christians begin to appreciate and realise with reverence and awe, the supernatural power and authority of the Word of God, then they will proclaim it with boldness, and use it as the mighty weapon God has given them to pull down the enemy's strongholds. By proclaiming God's Word in faith under Divine authority, we can be instruments in His hands to effect change where the devil has brought destruction.

My words determine my life. **"He that has knowledge spares his words" (Prov. 17:27).** As I follow the wisdom of God's word I will be sparing in what I say and watch my words, because I know that **In the multitude of words there wanteth not sin: but he that refraineth his lips is wise (Prov. 10:19).**

The Bible teaches that Jesus is the High Priest of our profession or confession. We read in **Hebrews 3:1: Wherefore, holy brethren, partakers of the heavenly calling, consider the Apostle and High Priest of our profession, Christ Jesus;** Jesus, when He ascended to Heaven, became our High Priest and represents us in the presence of the Father. He is the High Priest of our confession.....what we say or proclaim. So we need to make the right confession in order to experience the fullness of the benefits of Calvary. The devil of will try everything he can to stop us from making the right confession because he knows how powerful the word is, and that it will stop his evil influence upon our lives. Hebrews 4:14 says: **Seeing then that we have a great high priest, that is passed into the heavens, Jesus the Son of God, let us hold fast our profession.** We must hold fast to our confession of faith. Then in Hebrews 10:19-23 it says: **Having therefore, brethren, boldness to enter into the holiest by the blood of Jesus, By a new and living way, which he hath consecrated for us, through the veil, that is to say, his flesh; and having an high priest over the house of God; Let us draw near with a true heart in full assurance of faith, having our hearts sprinkled from an evil conscience, and our bodies washed with pure water. Let us hold fast the profession of our faith without wavering; (for He is faithful that promised;)** We proclaim with boldness the Word of God, then we hold fast our confession, and Jesus is the High Priest of our proclamation. That is why it is important that we make the right confession in line with the Word of God.

We must never forget to thank and praise Him after having made our proclamation, because by thanking Him and praising Him for the promise we have just confessed, shows not only our gratitude, but also our faith in Him.

God has bound Himself to perform His Word, as He says in **Jer. 1:12: I will watch over My Word to fulfill it.** (NIV Bible). Each time you proclaim God's Word over your life and circumstances He hears His Word and hastens to perform it. By His mighty power and outstretched arm, He performs miracles in our lives as we approach Him with thanksgiving and faith in our heart.

In **Isa. 55:11**, God says: **So shall My word be that goes forth out of My mouth: it shall not return unto Me void, but it shall accomplish that which I please, and it shall prosper in the thing whereto I sent it.** Let this verse be a special anchor in your life and a rock upon which you build. Know with certainty that your circumstances will change as you believe and confess what scripture declares, for God's Word will never return unto Him void but will accomplish where unto it is sent. God's spoken Word is a bold form of prayer, essential for a life of victory, and it brings results when it comes from your heart and is declared with faith.

Man was created to worship and glorify God, and we use our tongues to do this.

(Psa. 16:9) Therefore my heart is glad, and MY GLORY REJOICETH: my flesh also shall rest in hope.

(Psa. 30:12) To the end that MY GLORY MAY SING PRAISES TO THEE, and not be silent. O LORD my God, I will give thanks unto thee for ever.

(Psa. 108:1) O God, my heart is fixed; I WILL SING AND GIVE PRAISE, EVEN WITH MY GLORY.

How is it possible for "my glory to rejoice" or "my glory to sing praise to Thee" or to "give praise even with my glory", if it did not mean that "my glory" was my mouth and my tongue? God has given man the ability to speak, to praise and worship, and He wants us to use that gift to glorify Him!

Remember that Jesus is truly the Word become flesh. **In the beginning was the Word, ... and the Word was God. And the Word was made flesh, and dwelt among us ... (John 1 verses 1 and 14).** He is the LIVING WORD OF GOD, and this is described perfectly in **Rev. 19:13: And He was clad in a robe dipped in blood: and His name is called THE WORD OF GOD.** Jesus said**: All power is given unto Me in heaven and in earth. (Matt. 28:18)**

THE WORD OF GOD IS POWERFUL AND ALWAYS TRIUMPHS.

I will worship toward Thy holy temple, and praise Thy name for Thy lovingkindness and for Thy truth: FOR THOU HAST MAGNIFIED THY WORD ABOVE ALL THY NAME. (Psa. 138:2)

May we feast always on the Word of the Lord, and regard it more than our necessary food.

In God's Word is LIFE for those who find it, and healing for all their flesh.

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

Matt. 5:6: "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word."

Ons mag ontevrede wees oor die te kort aan bewyse van God se teenwoordigheid in ons lewens. Miskien is ons teleurgesteld omdat dit voel asof ons gebede nie gehoor word nie of dat omstandighede moeilik en onveranderd bly.

Miskien is dit nodig dat ons ons situasie heroorweeg, opname maak van ons stand in verhouding met Jesus. Hierdie uitdaging is altyd voor ons, maar Hy wag vir ons om na Hom te honger en dors!! Hy kan nie Sy Gees giet in 'n houer wat geen spasie vir die lewende water het nie. Hy kan ons nie voed as ons vol van ander dinge is nie, behoeftes en begeertes. Wanneer die uiterste uitroep van ons harte na Hom en Sy regverdige lewe binne-in ons is, vind 'n verstommende ding plaas ... Hy vul die leemte!

Wat beteken dit prakties?

Deur ons geestelike prioriteite reg te kry, word toegelaat dat na alle ander dinge omgesien word. Ons begin om dinge anders te sien, het ander verwagtings en begeertes en word bevry van alle sorge van hierdie lewe.

Ons het Sy "geestelike DNA" wat ons vul, wat beteken dat ALLES wat Hy het ons s'n kan wees as Hy ons harts begeerte is ... die vraag is: Hoe honger is ons na Jesus?



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in die Here,

Jesus het Sy dissipels gewaarsku oor die gebeure wat in die laaste dae voor Sy terugkeer na die Aarde sal plaasvind, en soos Christene regoor die wêreld saamstem, leef ons duidelik nou in daardie tyd. Hy het in **Luk. 21:26** gesê: **Mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.** Hy het hulle ook getroos in Joh. 14: 27 toe Hy hulle voorberei het vir sy dood, opstanding en Hemelvaart deur te sê: **Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.** Ons as Kinders van God hoef nie bang te wees nie, maar ons moet egter wakker wees oor wat nou rondom ons plaasvind, omdat Jesus ook gesê het, toe Hy oor die laaste dae gepraat het in **Matt. 24: 4 : ... Pas op dat niemand julle mislei nie.**

En die Woord sê in Matt. 15:9: **Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.** Wette en leerstellings van organisasies wat van die mens is. In die tyd waarin ons nou leef het hierdie leerlinge van die mens totaal oorgeneem, en word mense wêreldwyd daardeur mislei.

Ons het onlangs bewus geraak van die aanhoudende breinspoeling van die massas deur onversetlike advertensies deur al die Media vorms. Natuurlik weet ons dat die duiwel die media gebruik om sy leuens en misleiding te versprei, maar so baie pragtige Christene is mislei deur al die swaarmoedigheid, valse beloftes en verleidelikheid van die wêreld en sy lokstem na ydelheid en materialisme. Selfs meer vernietigend is die vrees wat in so baie mense se lewens meegedeel word deur wat hulle op TV sien, op die radio hoor en in die koerante lees! Sodra 'n tragedie in die wêreld plaasvind, deur vandag se tegnologie, word die volle impak regdeur die hele wêreld gevoel wat angs en vrees, verwarring en hopeloosheid bring! Aan die ander kant het baie van die inligting wat ons deesdae, deur sogenaamde "deskundiges" op hulle gebied (soos wetenskaplikes, weervoorspellers, omgewingsdeskundiges, spesialiste op verskeie gebiede), gevoer word geen basiese grondslag vir hul bewerings nie, en weerspreek dikwels duidelik God se Woord, maar omdat aan hulle geloofwaardigheid deur die media gegee is, aanvaar baie mense hulle inligting as die waarheid en raak as gevolg daarvan bevrees.

Wees versigtig dat geen mens jou mislei nie en wees versigtig wat jy hoor! Ons moet ons verstand ten alle koste bewaar in hierdie eindtye en nie toelaat dat die vyand twyfel, ongeloof en vrees veroorsaak wat kan binne kom nie. **Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe (Spr. 4:23).** Onthou Psalm 16: 8-9 wat ons krag behoort te wees: **Ek stel die HERE altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie. Daarom is my hart bly en my eer juig; ook sal my vlees in veiligheid woon.**

Ons is so dankbaar vir julle liefde, gebede en voortgaande ondersteuning vir die Here se werk wat van die Sentrum uitgaan. Vir ons is dit 'n voorreg om vir die Koning van die konings te kan werk en ons verheug ons elke nuwe dag om te weet dat deur Hom te dien ons Sy beloftes vervul sal sien in so baie lewens van die verlorenes en die wat nood het! Siele wat vir Sy Koninkryk gewen word en mense wat genees en herstel word deur Sy liefde en medelye wat na hulle uitreik en hulle heel maak! Ons beskou dit alles as 'n vreugde en is dank aan julle verskuldig wat dit moontlik vir ons maak om aan te hou om die Lewende Water na die dorstiges te bring en die Brood van die Lewe na die wat honger is. Ons dank julle uit ons harte en het ons Here gevra om julle bo verwagting te seën. Aan Hom kom al die eer en roem toe vir die vermeerdering van die Oes van kosbare siele vir Sy Koninkryk.

Wees verseker van ons liefde en gebede.

Baie liefdegroete,

Meg en die Gebedspan